// STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**

**Oorsee 30c Overseas**

**POSVRY—POST FREE**

VOL. 141] KAAPSTAD, 23 MAART 1977 / CAPE TOWN, 23 MARCH 1977 [No. 5458

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 439. 23 Maart 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 21 van 1977: Wysigingswet op Landmetersregistrasie, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 439. 23 March 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 21 of 1977: Land Surveyors' Registration Amendment Act, 1977.

# ACT

**To amend the Land Surveyors' Registration Act, 1950, so as to provide for the appointment and functions of a vice-registrar; to empower the Central Council of Land Surveyors to provide for insurance cover for members of the council, the registrar, the vice-registrar and the officers of the council in respect of certain accidents; to further regulate the circumstances in which the name of any land surveyor may be removed from the register; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 15 March 1977.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 14 of 1950, as amended by section 1 of Act 36 of 1963, section 1 of Act 65 of 1970 and section 18 of Act 71 of 1972.

**1.** Section 1 of the Land Surveyors' Registration Act, 1950 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "registrar" of the following definition:

"'registrar' means the registrar of land surveyors appointed in terms of section 9, and includes, under the circumstances referred to in subsection (3) of that section, the vice-registrar appointed under that section;".

Substitution of section 9 of Act 14 of 1950.

**2.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

"Registrar and vice-registrar of land surveyors, and officers of the council.

**9.** (1) The council shall, subject to the approval of the Minister, appoint a registrar of land surveyors on such conditions and at such remuneration as the council may, with the approval of the Minister, determine.

(2) The council may appoint—

*(a)* subject to the approval of the Minister, a vice-registrar of land surveyors on such conditions and at such remuneration as the council may, with the approval of the Minister, determine; and

*(b)* such officers as it may deem necessary on such conditions and at such remuneration as it may determine,

to assist it in carrying out its functions and duties in terms of this Act.

(3) Whenever the registrar is absent, or unable to perform his functions as registrar, or when the council so directs, the vice-registrar shall act as registrar, and while so acting he shall be vested with all the powers conferred upon and functions entrusted to the registrar under this Act.

# WET

**Tot wysiging van die Landmetersregistrasiewet, 1950, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling en werksaamhede van 'n vise-registrateur; om die Sentrale Landmetersraad te magtig om by wyse van versekering voorsiening te maak vir dekking van lede van die raad, die registrateur, die vise-registrateur en die amptenare van die raad ten opsigte van sekere ongelukke; om die omstandighede waaronder die naam van 'n landmeter van die register geskrap kan word, verder te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 15 Maart 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 14 van 1950, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 36 van 1963, artikel 1 van Wet 65 van 1970 en artikel 18 van Wet 71 van 1972.

**1.** Artikel 1 van die Landmetersregistrasiewet, 1950 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van „registrateur'' deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ‚registrateur' die ingevolge artikel 9 aangestelde registrateur van landmeters, en ook, onder die omstandighede in subartikel (3) van daardie artikel bedoel, die vise-registrateur kragtens daardie artikel aangestel;''.

Vervanging van artikel 9 van Wet 14 van 1950.

**2.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Registrateur en vise-registrateur van landmeters, en amptenare van die raad.

**9.** (1) Die raad moet, behoudens die goedkeuring van die Minister, 'n registrateur van landmeters aanstel op die voorwaardes en teen die besoldiging wat die raad, met die goedkeuring van die Minister, bepaal.

(2) Die raad kan—

*(a)* behoudens die goedkeuring van die Minister, 'n vise-registrateur van landmeters op die voorwaardes en teen die besoldiging wat die raad, met die goedkeuring van die Minister, bepaal; en

*(b)* sodanige amptenare as wat hy mag nodig ag op die voorwaardes en teen die besoldiging wat hy bepaal,

aanstel, om hom met die uitvoering en vervulling van sy werksaamhede en ampspligte ingevolge hierdie Wet by te staan.

(3) Wanneer die registrateur afwesig is, of nie in staat is om sy werksaamhede as registrateur te verrig nie, of wanneer die raad aldus gelas, neem die vise-registrateur as registrateur waar, en terwyl hy aldus waarneem, is hy beklee met al die bevoegdhede en werksaamhede waarmee die registrateur kragtens hierdie Wet beklee is.

(4) The services of a registrar and vice-registrar appointed in terms of this section shall not be terminated except with the approval of the Minister.

Insertion of section 9A in Act 14 of 1950.

**3.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 9:

"Insurance. **9A.** The council may arrange with an insurer for the provision of insurance cover for any member of the council who is not in the full-time service of the State and for the registrar, the vice-registrar and any officer of the council, in respect of any bodily injury, disablement or death resulting solely and directly from any accident occurring in the course of the performance by any such person of his functions in terms of this Act.".

Amendment of section 10 of Act 14 of 1950, as amended by section 5 of Act 36 of 1963, section 4 of Act 65 of 1970 and section 21 of Act 71 of 1972.

**4.** Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) The registrar shall remove from the register the name of any land surveyor—

*(a)* whose registration as a land surveyor under this Act has been cancelled by the council in terms of section 13 (1) *(c)*;

*(b)* whose right to practise as a land surveyor has been cancelled by the court in terms of section 14 of the Land Survey Act, 1927; or

*(c)* who has been disqualified by the council in terms of section 13 (1) *(d)* for registration as a land surveyor in terms of this Act.".

Short title.

**5.** This Act shall be called the Land Surveyors' Registration Amendment Act, 1977.

(4) Die dienste van 'n ingevolge hierdie artikel aangestelde registrateur en vise-registrateur word nie, behalwe met die goedkeuring van die Minister, beëindig nie.".

**3.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 9 ingevoeg: Invoeging van artikel 9A in Wet 14 van 1950.

„Versekering. **9A.** Die raad kan met 'n versekeraar reël vir die voorsiening, by wyse van versekering, van dekking vir 'n lid van die raad wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie en vir die registrateur, die vise-registrateur en enige amptenaar van die raad, ten opsigte van enige liggaamlike besering, ongeskiktheid of dood wat uitsluitlik en regstreeks die gevolg is van 'n ongeluk wat plaasvind in die loop van die verrigting deur enige sodanige persoon van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet.".

**4.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 10 van Wet 14 van 1950, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 36 van 1963, artikel 4 van Wet 65 van 1970 en artikel 21 van Wet 71 van 1972.

„(8) Die registrateur skrap van die register die naam van enige landmeter—

*(a)* wie se registrasie as landmeter ingevolge hierdie Wet deur die raad ingevolge artikel 13 (1) *(c)* ingetrek is;

*(b)* wie se reg om as landmeter te praktiseer deur die hof ingevolge artikel 14 van die Opmetingswet, 1927, ingetrek is; of

*(c)* wat vir registrasie as landmeter ingevolge hierdie Wet deur die raad ingevolge artikel 13 (1) *(d)* onbevoeg verklaar is.".

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Landmetersregistrasie, 1977. Kort titel.

Gedruk vir die Staatsdrukker, Pretoria, deur Kaap & Transvaal Drukkers Bpk., Kaapstad —B1679/14 800.
Printed for the Government Printer, Pretoria, by Cape & Transvaal Printers Ltd., Cape Town—B1679/14 800.